# Inhoud

## Kwartaal 3: Week 21 tot 25


**Storie 1:**

Ek stap oor die straat ........... 2





**Storie 2:**

Ek kook self........................ 9




EXTRACT PAGES

# Ek stap oor die straat





Ek wag vir Pappa.
Ons gaan nou stap.
Dit is Saterdag.
Ek gaan in die park met my bal speel.
My maat kom saam met my speel.




EXTRACT PAGES

Ek en Pappa stap.
Ons moet veilig wees.
Ons moet mooi kyk vir motors.
’n Motor ry verby.
Dit is my maat!



EXTRACT PAGES

Ons staan en wag.
Ons staan by die voetoorgang.
Die motors moet by die voetoorgang stop.
Ek sien ’n motor.
Ek hou Pappa se hand vas.


EXTRACT PAGES

Ons kyk regs en links.
Ons kyk weer regs.
Ons moet veilig wees.
Die lig is rooi.
Is dit veilig om oor te stap?



EXTRACT PAGES

Ons kyk weer regs.
Ons maak seker dis veilig.
Die motor kom nader.
Die lig is rooi.
Wat gaan nou gebeur?




EXTRACT PAGES

Die motor hou stil.
Dit lyk of dit nou veilig is.
Ek en Pappa stap oor die straat.
Die vrou in die motor waai vir my.
Ek waai terug.



EXTRACT PAGES

Ons is nou by die park.
Die twee pappas groet mekaar.
Hulle skud hande.
Ek is bly om my maat te sien.
Ons gaan sokker speel tot die son sak.

**Vrae:**

1. Hoekom moet jy regs en links kyk voor jy oor die straat stap?
2. Wat doen die maats by die park?
3. Watter kleur is die verkeerslig wanneer die motor moet stop?